'n Studie in *deernis*

Kyk met die oë van jou hart – en jy sal 'n storie sien in elkeen rondom jou, glo **Marié Stander** van Jamestown.

deur LIZETTE MURRAY fotos RYNO

My motor kruie teen die bult op – verby sinkhuise teenaan sypaadjies. Verby Vrydagkinders wat vrolik waai. Verby jong ma's met babatjies in kombersies toegewikkel. Verby ou mans wat rustig – hoed op die kop – in die laatmiddagson sit.

Die plek is Jamestown, digby Stellenbosch. Dis hier waar Marié Stander en haar argitekman, Rick, en hul seuns, Simon en Lukas, in hul plaasopstal-huis met sy inhaak-tuinhekkie en draadheining vol wit rose woon.

Alles hier – die plaaskombuis, die oop kaggel, die lewensgroot figuurstudies van Marié se geliefde Jamestown-mense – sê: Sit neer jou handsak en kom kuier 'n stukkie.

Marié is een van sewe kinders wie se grootwordhuis in George 'n halfwegstasie vir baie hulpbehoewendes was. By haar ma het sy geleer wat dit is om 'n hart vir minderbevoorregtes te hê. "Ek wil nie van buite af toekyk nie. Ek nooi hulle in my lewe in."

En sy inspireer ander om dieselfde te doen. Reeds as kunsonderwyseres het sy haar leerlinge aangemoedig om die gemeenskap te dien, byvoorbeeld met projekte soos die muurskilderye vir die dialise-eenheid by Tygerberg-hospitaal.

Sy't haar eie kunsskool in 2000 begin. Die jaarlikse kunsveiling van haar studente se werk by die wynlandgoed Muratie is 'n feestelike instelling waar gaste ruimskoots gee, en so vonkies hoop in baie lewens aansteek. Individue, skole en instansies vind almal baat by hierdie unieke fondsinsamelingspoging.

Marié se portrette en figuurstudies in houtskool en pastelle is 'n erkenning van die menswaardigheid van die persoon teenoor haar. Dis die dokumentering van broosheid, maar ook van dapperheid en krag, én vreugde.

"Dis onmoontlik om iets te skilder wat jy nie self ken of verstaan nie. Dis al hoe jy 'n bietjie van iemand se siel kan vasvang. Ek wil nie net die buitenste dop teken nie…"

Sy vertel van 'n byna lewensgroot portret wat sy van Dorie, 'n bosslaper, gemaak het.

Altyd, wanneer Marié haar teëkom en vra hoe dit gaan, is die skor antwoord: "Gaan goed, Mevrou. Kan nie kla nie!"

Toe Marié haar nooi om na die groot figuurstudie van haarself te kom kyk, het Dorie dit net een ingenome kyk gegee: "Ma' mens, ek's darem 'n mooi vrou!"

Jamestown se mense ken Marié se hart. Daar's gereeld 'n klop aan die voordeur, want die inwoners weet dat hierbinne iemand met diep deernis woon.

"Ek's die nie-amptelike skoolskoen-depot!" lag sy. "Ek word na begrafnisse en spesiale vieringe genooi… Ek ken almal se stories."

Marié, een van vanjaar se Aardklop-feeskunstenaars, verkies om met lewende modelle te werk, maar soms neem sy fotos. Terloops. So in die gang van 'n gesprek, of in die middel van kinders se spelery. Sy vang 'n oomblik vas. En verewig dit – sonder om te verdoesel of te probeer mooimaak.

In 2010 verskyn twintig van haar portretstudies in 'n boek, *onse mense*, met gedigte spesiaal vir die bundel geskryf.

Dié houtskoolportrette van haar Jamestown-genote is met piëteit en keurige presisie gedoen – tot die laaste haarlint, knopie, uittand en baardstoppel.

Vir haar uitstalling *Stukkies van wit* het sy haar modelle met Bybelse simbole soos doringkransies, duiwe en lammers uitgebeeld – tekens van reinheid én helder hoop.

Ek kyk na 'n dogtertjie met 'n pop op haar rug. Kaalvoet. Met 'n ver kyk in haar oë. Dalk is sy hartseer. Dalk droom sy. Dalk staan sy maar net…

Hoe sal ons weet?

"Elke mens het 'n storie. En dié storie is nie nét hartseer of nét vrolik nie… Daar's altyd meer as wat die oog sien."

Het jy geweet?

Die Britse figuratiewe kunstenaar, Lucian Freud, se werk dien as groot inspirasie vir Marié.

Sy kuns is kenmerkend van grootskaalse impasto-figuurstudies van mense wat hy ken, met altyd 'n verhoogde kleurgebruik en elemente van distorsie. Hy wys empatie vir sy modelle, al is sy werk in die tipiese "*warts and all*"-styl. ■